

21 Augustus

Skrifgedeelte: Jesaja 44:1-5. (Lees gerus ook Jes 43:22-25, 28b)

Fokusgedeelte: Jesaja 44:3b

Jou skande sal in borrelende dankbaarheid verander ...

Jesaja 44 is 'n profesie vol hoop. God belowe Hy sal sy volk se lewe verander. Hulle kon Hom hierin vertrou. Dis Hy wat hulle vir Hom gekies het; wat hulle daarna in hulle moeders gevorm het en van toe af nog altyd help.

Ek gaan dinge doen wat vir julle ondenkbaar mag klink: Waar Ek julle pas tevore nog moes verwyf (Jes 43:22-24), gee Ek julle nie net my vergifnis nie (Jes 43:25), Ek gaan my Gees ook oor julle uitstort. En soos water 'n dorland nuwe lewe gee en in 'n lushof met welige gras en bome omskep, so sal my Gees julle innerlik nuut maak.

Onlangs wou julle nie moeite vir My doen nie, nie geld vir My uithaal nie. Julle het my nie met offers vereer nie. Ek het julle soos onkruid laat word, bespotlike mense. Innerlik was jy dor en dood. Maar nou sal een sê: "Ek behoort aan die Here! Ek is ""n nakomeling van Jakob." Iemand anders sal weer op sy hand skryf: "Die Here s'n!"

Dank die Here vandag. As jy in Jesus Christus as Here en Verlosser glo, weet dat God jou ook reeds voor jou geboorte vir Hom gekies het, dat Hy jou gevorm het en nog altyd help. Behalwe dat Hy sy Seun as versoening vir jou sondes gegee het, het Hy jou ook sy Gees gegee en jou hart vernuwe. Want deur die Gees verander Hy ons innerlik, van mense wat eintlik niks met Hom te make wil hê nie in mense wat Hom werklik liefhet, Hom wil dien en elke dag in vertroue op Hom aanpak, in mense wat ook kan uitsien na 'n ewigheid saam met Hom.

Sing: Psalm 42:1, 3

Ds DF Muller (Buffeldoorns)